

THE ART OF RESEARCH



Metronidasool: Die goeie of die slegte ou?

Metronidasool is 'n antibiotikum wat algemeen vir seksueel-oordraagbare infeksies en bakteriële vaginose gebruik word, maar dit is nie bekend of die gebruik daarvan 'n negatiewe uitwerking op die vaginale mikrobiota het nie.

Dana Chiles is 'n honneursgraadstudent aan die Universiteit van Kaapstad wie se projek oor bakteriële vaginose in mediese virologie fokus.

ORCID ID:

<https://orcid.org/0009-0009-7798-585X>

Further information:

chldan007@myuct.ac.za



Ondersoek die doeltreffendheid van antimikrobiese middels deur gebruik te maak van antimikrobiese vatbaarheidstoetse op 'n petrischaal.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.



Bakteriële vaginose (BV) is die algemeenste genitale verstoring wat seksueel aktiewe vroue aantast. Vroue in Afrika suid van die Sahara word disproportioneel deur BV aangetas, en tog word hulle selde by die wêreldwye gesprek oor vaginale en seksuele gesondheid ingesluit. BV word deur 'n verskuiwing in die vaginale bakteriële gemeenskap vanaf 'n optimale tot 'n nie-optimale stand veroorsaak. BV verhoog die risiko om seksueel-oordraagbare infeksies soos MIV op te doen en is met voortydige geboorte verbind. Dit word egter dikwels nie geïdentifiseer nie, aangesien daar nie dikwels daaroor gepraat word of selfs bekend is nie, ten spyte van die uitwerking

daarvan op vaginale gesondheid.

Metronidasool, 'n breëspektrum-antibiotikum, word reeds vir meer as 25 jaar gebruik om BV te behandel. Behandeling is egter dikwels ondoeltreffend, aangesien talle vroue 'n herbesmetting met BV ervaar kort nadat hulle dit gebruik het. Metronidasool word ook gebruik om algemene seksueel-oordraagbare infeksies soos trichomoniasis te behandel. Die behandeling van seksueel-oordraagbare infeksies met metronidasool kan 'n negatiewe uitwerking op die vaginale mikrobiota hê. Dit is nie bekend hoe die behandeling van seksueel-oordraagbare infeksies met metronidasool die vaginale

mikrobiota raak nie, of – nog erger – of dit antimikrobies-weerstandige bakterieë laat ontwikkel nie.

Onder die toesig van dr. Brian Kullin en dr. Shantelle Claassen-Weitz by die Mucosal Infections Group werk ons aan 'n begrip van hoe die gebruik van metronidasool om seksueel-oordraagbare infeksies te behandel die vaginale mikrobiese gemeenskap raak en hoe dit die gemeenskap kan verander om antibiotikum-weerstandige bakterieë te ontwikkel. Hierdie werk kan help om die ontwikkeling van terapeutiese middels vir vroue van Afrika suid van die Sahara om die voorkoms van BV te verminder en vaginale gesondheid te verbeter.

